LANGEBAAN

Ratepayers and Residents Association
Belastingbetalers en Inwonersvereniging

5 November 2019

Die Munisipale Bestuurder
Saldanha Baai Munisipaliteit
Privaatsak X 12
VREDENBURG.

Geagte Doktor Mettler,

BEHUISING IN LANGEBAAN.

Die gebeure landswyd wat saamhang met diensleweringsbetogings en ander ontwrigting, bekommer die Uitvoerende Komitee van hierdie Vereniging tot so 'n mate dat ons voel dit is noodsaaklik om die belastingbetalers van Langebaan behoorlik in te lig oor die huidige stand van sake wat behuisingsvoorsiening betref.
Die onlangse gebeure plaaslik het geensins bygedra tot rasionele gesprekke nie en sekere elemente wat hier doenig is, wil die behuisingsnood in Langebaan, uitbuit tot voordeel van hul eie agenda. Dit sluit in dreigemente om die dorp oor die valansieseisoen te ontwrig.
Die Vereniging beoog om 'n openbare vergadering van belastingbetalers te belê waartydens die situasie soos dit Langebaan betref, uiteengesit sal word.

Die Vereniging is van mening dat dit die ideale voertuig is om so 'n byeenkoms te reel omdat hy a-polities is en geen politieke of ander agenda nastreef nie.

Daar is onduidelikheid oor alle aangeleenthede wat HOP/GAP behuising betref en die oogmerk is om inligting oor te dra en om behulpsaam te wees. Alvorens dit gedoen word, wil die Vereniging op datum wees met die huidige toedrag van sake sodat geen verkeerde inligting en/of valse hoop oorgedra word nie. Ten einde hierdie inligting eerstehands te bekom, word 'n beroep op u gedoen om amptenare beskikbaar te stel sodat 'n rondetafel

gesprek met die belastingbetalersvereniging se uitvoerende komitee kan plaasvind om juis hierdie doelwit te bereik. Inligting wat reeds van ons wyk 14 raadslid bekom is, blyk teenstrydig te wees met feite en inligting wat in die Weslander gepubliseer is.

Die volgende aspekte word genoem ten einde as basis van so 'n gesprek te dien:

- Die rol en verantwoordelikheid van die SBM om behuising te voorsien.
  - Tot watter mate is aan hierdie rol en verantwoordelikheid voldoen?
  - Watter befondsing is in die huidige begrotings: bedryfs-en kapitaalbegrotings?
  - Watter grond, indien enige, is in die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk vir behuising in Langebaan ge-oormerk?
  - Is enige grond vir behuisingsdoeleindes hersoneer en indien wel, vir hoeveel huise?

- Die rol en verantwoordelikheid van die Nasionale en Provinsiale Regering om behuising te voorsien.
  - Tot watter mate is aan hierdie rol en verantwoordelikheid voldoen?

- Die waglys.
  - Is 'n aparte lys vir Langebaan beskikbaar?
  - Wat is die huidige kwalifikasievereistes?
  - Hoeveel persone/gesinne is tans op die waglys; hoeveel kwalifiseer kragtens die bogenoemde vereistes?
  - Die vereniging wil graag 'n afskrif van die lys bekom.

- Wanneer kan realisties verwag word dat huise gebou sal word?

- Hoe kan Langebaan inwoners en persone op die waglys by die projek betrokke raak; kry hulle betrokke by die bouproses veral werklose mense.

- Enige ander relevante inligting.

Dit is van uiterste belang dat alle inligting wat verskaf word dokumentêr ondersteun moet kan word byv. deur Raadsbesluite, getekende kontrakte en/of tenders ten einde geloofwaardigheid aan die proses te verleen.

'n Afskrif van hierdie brief word aan die twee Langebaan wyksraadslede gestuur. Die Vereniging is van mening dat dit baie belangrik is dat beide van hulle by die proses betrek word ten einde enige onduidelikheid aan te spreek.
'n Vergadering wat vir Maandag 28 Oktober gereel was met ons wyk 6 en 14 raadslede, is op die laaste nipper gekanselleer nadat raadslid W America laat weet het hy nie sy ooreenkoms om die vergadering by te woon gaan nakom nie.

Dit sal waardeer word indien u dit kan bewerkstellig op 'n datum en tyd wat u pas; maar wel so gou as moontlik.

Die uwe.

FRANS PALM

VOORSITTER/SEKRETARIS

cc. Rdl Dries Venter – Wyk 6;

Rdl Wimpie America – Wyk 14.